

## Die vere maak die voël

Hannes Grové – [www.grovelofts.co.za](http://www.grovelofts.co.za)

Die Afrikaanse spreekwoord, “Die vere maak die voël”, kan in die duiwesport letterlik toegepas word – indien jou span duiwe 'n swak verveer seisoen beleef, sal hulle reeds met 'n agterstand begin.

Ons Suid-Afrikaanse verveer seisoen se mees kritiese tydperk strek van einde Januarie to ongeveer einde Maart. Gedurende hierdie tyd vervang die duiwe hulle hele veredos ter voorbereiding op die winter wat om die draai is. Hierdie vere moet hulle beskerm teen die elemente sowel as hulle in wen tye by jou huis kry. Jy streef na 'n sy-sagte vere kombes met penne wat sal hou tot Oktober.

Hiermee 'n paar gedagtes rondom verveer en hoe om jou kant te bring sodat die duifies 'n lekker stressvrye verveer kan beleef.

### Voeding

Vere bestaan hoofsaaklik uit keratien, wat 'n protein is. Om hierdie protein te bou moet die nodige aminosure en ander boustene beskikbaar wees. Die regte voeding is dus noodsaaklik sodat die duif vere kan bou wat sal hou.

Maak seker dat jy 'n lekker gebalanseerde kosmengsel met genoeg proteïene gebruik. Wees egter versigtig om nie die duiwe heeltemal te vet te laat word nie. Sit bietjie gars of sonneblom by net om die gewig te beheer.

'n Korrel (“pellet”) is altyd goed gedurende hierdie tyd van die jaar. Dit bevat gewoonlik ekstra “methionine” en “lysine” wat krities vir die vorming van nuwe vere is. Hierdie korrels het ook 'n hoë persentasie “crude protein”. Ons gebruik 'n braaikuiken korrel wat ekonomies is. **Bly net weg van enige korrels met groei stimulant – ons wil nie duiwe vir slag doeleindes grootmaak nie!**

Die kuns van voeding gedurende die verveer is om genoeg voeding te verskaf sonder om duiwe te vet te laat word. As hulle te vet is gaan jy vreeslik sukkel om hulle in die lug te kry wanneer die voorseisoen afrigting begin. Twee voedings per dag word verkies sodat die vere egalig kan groei en duiwe nie te veel op een slag vreet nie. Ons pas dieselfde reël as gedurende die vliegseisoen toe – voer tot die 4de duif gaan water drink (gebaseer op hok met 100 duiwe).

### Paramyxovirus – PMV en ND

Dit is met uiters ongeloof en skok dat ek van die plasings op sosiale media lees. “My duiwe se koppe draai”. “Star gazers”.

Nee! Regtig? Om jou duiwe te ent teen hierdie siekte is een van die mees basiese dinge wat jy kan en MOET doen! Dit is nie eers duur nie. Maak seker dat jou hele span duiwe reeds ge-ent is voordat die verveer begin. Dit is bloot nalatig om dit nie te doen nie. Indien die PMV virus gedurende die verveer toeslaan het jy 'n massiewe terugslag wat moeilik oorkom sal word.

Ons duiwe word reeds met speen ge-ent teen PMV. Daarna word 'n opvolg enting op al die duiwe gedoen voor die verveer. Opvolg entings word weer net voor die wedvlugseisoen gedoen. **TIP - Enting vir paramyxovirus / ND is ook 'n immuniteit “booster”**

## Oorbevolking

Die verveerseisoen is sekerlik die stadium in die jaar wat daar die meeste duive op die werf is. Hokke is vol gebroei. Altyd daardie ekstra enetjie wat in die vlieghok moet kom. So skiet jy jouself al vroeg-vroeg in die voet.

Duiwehokke wat te vol is gedurende die verveer veroorsaak ekstra stress. Daar is baie aanbevelings oor hoeveel duive in 'n hok optimaal is. Vir ons is dit ongeveer 2.5 duive per kubieke meter.

As jy die som vinnig wil doen: Lengte meter X breedte meter X hoogte meter = kubieke meter

Dus 8 meter lank X 2 meter breed X 2 meter hoog = 32 kubieke meter.

Dan 32 kubieke meter X 2.5 duive = 80 duive maksimum

Die sommetjie kan natuurlik verskil van hok tot hok. Ventilasië speel 'n groot rol.

Daar moet ook altyd meer sitplekke in jou hokke wees as wat daar duive is.

## Parasiete

Veerluise en duive vlieë is nooit welkom in enige hok nie. Ongelukkig is hulle gedurende die somer maande op hulle mees aktiewe stadium.

Die veerluise maak nie skade aan vere nie maar is tog onooglik. Die gevaar-knaap is die duive vlieg. Hy soek bloed. Bloedpenne is sy voorkeur maaltyd. Gedurende die verveer gaan dit jolig. Ongelukkig veroorsaak sy partytjies nogal skade aan die penne – daardie klein gaatjies wat jy soms opmerk in die vere – dis sy manier van dankie sê! As bonus kan hy nog vir jou die malaria parasiet ook van duif to duif versprei...

Dit is relatief maklik en veilig om veerluise en duive vlieë te beheer. 'n Permethrin basis produk werk baie goed. Rugdruppels met Ivermectin is ook effektief teen die duive vlieg sowel as wurms.

Observasie is die sleutelwoord – hanteer jou duive gereeld en tree op as daar onwelkome gaste is.

'n Goeie ontworming voor die verveer begin is iets wat ons aanbeveel. Wurms is parasiete wat jou duif onder druk sit en voedingstowwe steel. Maak seker die outjies is nie daar nie. **'n Waarskuwing oor ontworming gedurende die verveer – daar is middels wat jou duive se vere sal beskadig indien jy dit gebruik gedurende die verveer – doen jou huiswerk vooraf!**

## Knip en trek van penne

Sterk punte vir en teen die knip van penne is al gemaak. Indien jy wel penne wil knip en trek moet dit gedoen word vanaf middel Januarie tot einde Januarie.

Ons doen dit wel met die jong duive. Die hoof voordeel is om 'n duif te kan mandjie vir soveel vlugte as moontlik. Indien 'n duif penne gooi in die seisoen kan dit hom erg benadeel. Gewoonlik is sy seisoen dan verby. Veral as jy 'n klein vliegspan het, kan penne knip jou help om elke week genoeg duive te kan mandjie.

## **Bad**

Duiwe wat gereeld bad verveer beter. Gaan kyk gerus nadat hulle gebad het hoeveel vere daar rondlê. Gee vir hulle ten minste twee keer per week 'n lekker ontspannende bad.

## **Medikasie en byvoedings**

Antibiotika moet vermy word tensy daar 'n groot probleem opduik. Behandel eerder die individuele gevalle en laat die res van die span toe om natuurlike immuniteit te ontwikkel.

Skulpgruis en swart minerale moet te alle tye beskikbaar wees. Ons gee ook gereeld gedurende die verveer 'n lekker bymiddel soos Premolt 100 van Medpet. Duiwe tee gedurende die verveer is ook uitstekend.

Sterkte met die laaste hekkie om oor te spring voor die seisoen se voorbereiding begin!